

# SA kán staal wys

Suid-Afrika se reputasie vir topgehalte olyfolie loop hom vooruit – soveel so dat lande, soos Italië, besef hulle het 'n nuwe mededinger. Baie min olyfolie word nog uitgevoer, maar dit kan in die komende jaar verander.

**D**ie tradisionele olyfolieproduksiegebiede vaar om verskeie redes op stormwaters. Dit kan aan Suid-Afrika – wat wyd besig is om 'n reputasie vir uitstekende ekstrasuiwer olyfolie op te bou – 'n kans gee om vanjaar 'n deurbraak in die internasionale mark te maak.

Sake lyk nie juis rooskleurig in die wêreld se groot olyfproduserende lande nie. **Siektes maai onder boorde in Spanje, Italië en Frankryk, terwyl Italië en Spanje getref is deur middelmatige oeste** (hoofsaaklik weens droogtes en klimaatsverandering). Boonop het die olyfolieprys verlede jaar skerp gestyg, skryf die webwerf Olive Oil Times.

Die duurder olies het verbruik in lande, soos Italië, Griekeland en Spanje, in die afgelope dekade of wat laat afneem.

Boonop is die *Xylella fastidiosa*-bakterie, of “ebola van olyfbome” soos die media dit gedoop het, einde verlede jaar in olyfboorde op die Spaanse eiland Majorka opgemerk. Die internasionale bedryf hou nou asem op dat Europese olyfolieproduksie vanjaar weer sterk gaan daal weens al dié bedreigings.

Dit kom nadat wêreldwye produksie met 26% afgeneem in die 2014-'15-oesjaar, aldus die *Financial Times*. Die internasionale olyfolieraad (IOC) het voorspel dat Spaanse produksie in die huidige oesjaar met 1% gaan daal, Italië se oes is 30% kleiner, Griekeland

s'n het met 19% gedaal en Tunisië s'n krimp met sowat 29%.

## OLIE VAN TOPGEHALTE

Mnr. Nick Wilkinson, voorsitter van SA Olive, sien gulde kansen daarin vir die Suid-Afrikaanse bedryf, wat nie in dieselfde produksietyd olywe lewer nie. “Dit beteken ons kan 'n produk van topgehalte aan 'n mark voorsien wat 'n groot behoefte daaraan het.”

Die plaaslike bedryf is relatief jonk as dit met die res van die wêreld vergelyk word, maar reeds 'n teenwoordigheid het om van kennis te neem. Die Italiaanse publikasie *Flos Olei* het immers 11 Suid-Afrikaanse produsente op sy lys van beste olyfolies ter wêreld ingesluit. Dit is die grootste aantal plaaslike olies wat tot nog toe 'n plek op die lys kon beklee.

Selfs mnr. Antonio Guiseppe Lauro, 'n internasionale olyfoliekonsultant, het ná sy besoek aan Suid-Afrika gesê die plaaslike bedryf “het die eerste onsekere stappe gemis en dadelik vir gehalte – topgehalte – gemik”.

“Asof die mededingers in jou eie land of net anderkant die grense nie genoeg is nie, het ons in Italië, en ook in Europa, dus nou 'n ekstra mededinger.”

Dit is onbekend hoeveel Suid-Afrikaanse olyfolie tans uitgevoer word en as Nick moet raai, is dit maar 'n skrale 5%.

“Suid-Afrika produseer ekstrasuiwer olyf-



**HEEL LINKS:** 'n Olyfboord op De Rustica by De Rust. Die olyfaanplantings brei uit in Suid-Afrika, want boere sien dit as 'n goeie gewas om mee te diversifiseer.

**INLAS:** Olywe gereed om gepars te word. Suid-Afrika se olyfolie is van topgehalte en internasionale markte neem kennis daarvan.

**ONDER:** Mnr. Nick Wilkinson, voorsitter van SA Olive, en me. Karien Bezuidenhout, bestuurder van die organisasie.



olie van topgehalte en uitvoer sal dit aan die res van die wêreld bevestig.”

Produsente sal uiteraard uitvoer net oorweeg as dit winsgewend is. Wilkinson het verlede jaar, met die toekenning van die Absa Top 5-olyfolie-eerbewyse op Stellenbosch gesê uitvoer kan 'n 30% premie vir plaaslike olyfprodusente beteken teenoor die pryse wat hulle plaaslik verdien.

“Die mark is daar, maar dit gaan van ons afhang om dit te ontgin en die geleentheid met albei hande aan te gryp.”

Die verbruik van olyfolie styg in markte, soos Amerika en Japan.

## AFRIKA WINK

Wat die tafelyfbedryf betref, is die geleentheid nader aan die huis, volgens mnr. John Scrimgeour. Hy is die voorsitter van die tafelyfforum en landgoedbestuurder by Buffet Olives, 'n olyfplaas van 300 ha aan die voet van die Drakenstein-berge.

**“Uitvoer na Afrika, spesifiek Mosambiek, Angola en Mauritius, lyk na 'n goeie geleentheid en daar is 'n moontlikheid om hierdie drie markte uit te brei.”**

Volgens hom het al drie dié lande Portugese invloede, daarom vorm olywe deel van hul dieet.

“Hierdie is nuwe markte wat ons ondersoek, want tans voer hulle al hul olywe van Portugal af in. As ons olywe teen 'n mededingerse prys aan hulle kan bied, sal daar

**‘Die hektare brei uit namate boere diversifiseer en alternatiewe gewasse insluit op hul plase, veral aangesien olywe in die stiller seisoen (Maart tot Julie) goes word.’**

beslis belangstelling wees. Dis soos om vrugte na Afrika uit te voer – 'n groot geleentheid wat logies sin maak.”

Volgens hom beskou Angolese en Mosambiekers olywe in 'n heel ander lig as Suid-Afrikers. “Daar tref jy sommer 'n hele winkelrak vol olywe aan, terwyl ons hier net 'n paar rye het.”

Hy voorsien dat verpakking in Portugees sal moet wees.

John sê meer en meer mense volg die Mediterreense dieet vanweë die gesondheidsvoordele daarvan, dus styg die plaaslike vraag na tafelolywe ook aanhoudend.

“Wat prysneigings betref, hou dit tred met inflasie.”

## PRODUKSIETOESTANDE BELOWEND

Die olyfbedryf het ook nie die droogte vrygespring nie. Volgens me. Karien Bezuidenhout, bestuurder van SA Olive, is olyfbome egter in 'n mate beter aangepas vir droër toestande en kan hulle met minder water oor die weg kom.

“Water is egter noodsaaklik in sekere ontwikkelingsfasies, maar olyfbome kan die droogte beter deurstaan as die meeste ander Wes-Kaapse gewasse.”

Sy sê die meeste produksiegebiede het 'n goeie blomtyd agter die rug. Vanjaar se oes hou dus belofte in.

“Ons het verlede jaar 2,2 miljoen liter olyfolie gelewer en ons behoort dus vanjaar 2,4 miljoen liter te haal. Dit is danksy nuwe boorde wat in produksie kom.”

'n Boomsensus is tans aan die gang, maar volgens Karien en Nick klim die aanplantings die afgelope paar jaar teen 'n bestendige pas.

“Ons trek nou by sowat 2 600 ha altesaam, waarvan ongeveer 1 400 ha boorde van vyf tot tien jaar oud en dus in hul beste produksiefase is. Die hektare brei uit namate boere diversifiseer en alternatiewe gewasse insluit op hul plase, veral aangesien olywe in die stiller tyd (Maart tot Julie) geoes word.”

Die plaaslike bedryf steun nog grootliks op ingevoerde Italiaanse en Griekse kultivars, maar Karien sê die Landbounavorsingsraad is besig met 'n teelprogram wat deur SA Olive gesteun word.

Volgens Nick, wat ook die eienaar van Rio Largo in Scherpenheuvel, naby Worcester, is, is die Suid-Afrikaanse olyfbedryf die res van die wêreld ver vooruit wat moderne verwerkingstoerusting betref.

“Ons bedryf is so jonk as jy dit met die Mediterreense lande vergelyk, daarom is ons tegnologie ook baie moderner. Die tafelolyfbedryf gebruik byvoorbeeld optiese sortering en ons olieperse gebruik die heel nuutste tegnologie.” **LBW**

# Hoop op beter pryse later vanjaar

Om te oorleef moet die suiwelbedryf meer kostemededingend word, en boere sal moet aandag gee aan faktore binne hul beheer.

**K**limaatsfaktore gaan vanjaar 'n belangrike bepalende faktor vir melkproduksie wees.

Dr. Koos Coetzee, ekonoom van die Melkprodusente-organisasie (MPO), sê as dit veral in die weidingsgebiede droër is, kan produksie beperk bly.

Verlede jaar was produksie van Januarie tot Oktober 1,7% laer as in die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar.

Volgens voorlopige syfers wat teen druktyd beskikbaar was, was produksie wel in Oktober verlede jaar alleenlik 4,4% hoër as in Oktober 2015.

Winsmarges op plase is onder druk weens die lae melkprys versus die hoë koste van produksiemiddele, veral dié van voer.

“Die melkprys-voerprys-verhouding gaan nie sommer verbeter voor produsentepryse verhoog nie, wat onwaarskynlik is voor Maart of April,” sê Koos. In Oktober verlede jaar was die verhouding 1,18:1, vergeleke met 1,12:1 in Oktober 2015.

“Dit was marginaal beter, maar steeds nie op 'n winsgewende vlak nie,” sê Koos.

Graanpryse sal vanjaar afhang van hoe daar in die somergraantyd geplant is, wat weer sou afhang van reën in die planttyd verlede jaar.

## VERSCHEIE UITDAGINGS

Dr. Chris van Dijk, uitvoerende hoof van die MPO, sê die wisselvalligheid van die suiwelmark bemoeilik boere se beplanning.

Hy sê dit is belangrik dat die primêre en sekondêre suiwelbedrywe meer kostemededingend word en dat ondernemings moet integreer.

Hy het boere verder aangemoedig om noukeurig aandag te gee aan faktore binne hul beheer, soos om onder meer betyds entstowwe toe te dien na gelang van omstandighede.

Te veel reën kan byvoorbeeld gepaardgaan met 'n toename in insekkoorgedraagde siektes, soos slenkalkoors, drie-dae-stywesiekte en knopvelsiekte.

In die groter prentjie moet melkboere, soos ander boere, die uitdagings van 'n onstabie-



Dr. Koos Coetzee



Dr. Chris van Dijk

le ekonomiese en politieke situasie oorkom hoewel hulle min tot geen regeringsteun kry.

Die Regering is volgens hom tans baie ingestel op omgewingsaspekte en regulatoriese vereistes.

Die MPO is egter reeds in gesprek met die staat oor, onder meer, die vereistes vir sliksdamme en kweekhuysgasse, en wat boere moet doen om aan die bepaalde vereistes te voldoen.

## GELEENTHEDE

Koos sê boere moet op die uitkyk wees vir die baie ontwikkelinge in rantsoene, genetica asook informatika wat in die komende jare toepassings in die melkbedryf sal vind en wat hulle kan help om doeltreffender te boer.

In die internasionale suiwelwêreld het wêreldpryse duidelik omgedraai, het Koos met *Landbouweekblad* se ter perse gaan gesê. Pryse was toe op die hoogste vlak sedert Junie 2014.

**“Produksiegroei in die Noordelike Halfrond se somer was laer as wat verwag is, en produksie in die Suidelike Halfrond was verlede jaar laer as in 2015.”**

“Die marginale verbetering van markte, veral in die Ooste, en die versigtige bestuur van die opgehoopde voorraad melkpoeier en botter wat die Europese Unie aangekoop het om pryse te stabiliseer, behoort pryse vanjaar te stut.

“Die verswakkende rand help ons verder. Dit beskerm ons teen invoer,” sê Koos.

Einde verlede jaar het Suid-Afrika 1 650 melkboere gehad vergeleke met 2 686 melkboere in 2011. **LBW**